| SAOU VAKATURE<br>REGSADVISEUR: SAOU REGSDIENSTE | |
|---|---|
| POSBENAMING | Regsadviseur/Litigant |
| ENTITEIT | SAOU |
| RAPPORTERINGSLYN | Rapporteer aan die Afdelingshoof: Regsdienste |
| MINIMUM OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES | LLB of ander toepaslike regskwalifikasie |
| MINIMUM TOEPASLIKE WERKSERVARING | Minstens 3 jaar in 'n soortgelyke hoedanigheid |
| VERDERE KWALIFIKASIES EN ERVARING | • Bewese rekord van 'n suksesvolle regs-georiënteerde loopbaan<br>• Bogemiddelde kennis van Arbeidsreg en Onderwysreg, sowel as Wet op Gelyke Indiensneming, en POPI/PAIA<br>• Grondige kennis van relevante nasionale- en provinsiale beleidsdokumente<br>• Vakbondervaring sal 'n sterk aanbeveling wees<br>• Bogemiddelde ervaring van alternatiewe dispuutbeslegtiging, insluitend mediasies, konsiliasies, arbitrasies en dissiplinêre verhore<br>• Ervaring in litigasie sal 'n sterk aanbeveling wees |
| REKENAARVAARDIGHEID | • Bogemiddeld vaardig met MS Office en verbandhoudende harde- en sagteware<br>• Kennis van Zoom, Teams en ander verwante kommunikasieplatforms<br>• Bereid om deurlopend nuwe vaardighede en kennis te verwerf |
| TAALVAARDIGHEID | • Bogemiddelde praat-, lees- en skryfvaardighede in Afrikaans en Engels is noodsaaklik |
| PERSOONLIKE EIENSKAPPE | • Integriteit<br>• Goeie kommunikasievaardighede<br>• Goeie interpersoonlike vaardighede<br>• Aanpasbaarheid<br>• Vermoë om werksdruk te hanteer<br>• Geloofwaardigheid<br>• Afhandelingsvaardigheid<br>• Aandag aan detail en netheid<br>• Analitiese vaardighede<br>• Vermoë om as lid van 'n span te funksioneer<br>• Die vermoë om multitalige en -kulturele gehore te hanteer |
| ANDER POSVEREISTES | • Geldige bestuurslisensie<br>• Bereid om te reis en om van tyd tot tyd uitstedig te wees |

| | |
|---|---|
| DIE UNIE BIED | • 'n Mededingende vergoedingspakket in ooreenstemming met beleid<br>• Genoegsame verlofvoordele<br>• Amptelike vervoer vir die bywoning van amptelike werksverpligtinge |
| AANSOEKE | • Voornemende kandidate moet per e-pos aansoek doen en 'n volledige CV moet die volgende vermeld: Kwalifikasies, huidige pos, werkgewer en ervaring<br>• Die name van drie referente (met e-posadresse en selfoonnommers) wat oor die kandidaat kan getuig, moet verskaf word. Geen getuigskrifte word verlang nie<br>• Applikante moet bereid wees om op eie koste vir onderhoude in Pretoria aan te meld<br>• Diensaanvaarding voor of op **1 Maart 2026**<br>• Aansoeke gemerk **"Regsadviseur"** moet mnr Dems Nel per e-pos, by dems@saou.co.za teen **12:00 op Dinsdag, 13 Januarie 2026** bereik.<br>• Indien u nie binne twee weke na die sperdatum van advertering gekontak word nie, kan u die aansoek as onsuksesvol beskou.<br>• Navrae: Mnr D Nel ; Tel. 082 827 9302 |

| POSBESKRYWING EN SLEUTEL PRESTASIE AREAS (SPA's) | |
|---|---|
| **Doel van die posisie:** Om 'n omvattende ondersteuningsdiens te lewer aan SAOU-lede wat insluit die verteenwoordiging van lede in arbeidsregtelike geskille. Die suksesvolle kandidaat sal ook hofstukke en regsopinies moet opstel en opleiding rakende regsaspekte kan aanbied. | |
| SLEUTEL PRESTASIE AREAS (SPA's) | **TAKE PER SPA:** Alle take is krities vir die sukses van die effektiewe uitvoering van elk van die SPA's |
| VERWIKKELINGE IN WETGEWING | • Bly op hoogte van verwikkelinge in wetgewing<br>• Doen verslag oor die potensiële impak van veranderde wetgewing op die SAOU en sy lede by die toepaslike besluitnemingstrukture<br>• Kommunikasie van verwikkelinge en die impak daarvan aan belanghebbendes en lede |
| REGSDIENSTE AAN LEDE | • Verklaring van griewe en dispute namens lede<br>• Verteenwoordiging van lede in dissiplinêre optrede deur werkgewers, asook tydens griewe en dispute teen werkgewers<br>• Die verwysing, hantering en finalisering van regsaksie teen werkgewers<br>• Arbeidshof litigasie<br>• Hantering van arbeidsregtilike ledenavrae<br>• Skakeling met eksterne vennote en relevante organisasies<br>• Interne opleiding van personeel en lede van die SAOU |
| BEMAGTIGING VAN LEDE | • Opleiding van lede ter bevordering van hul professionele groei<br>• Toeligting aan lede met betrekking tot relevante nuus en inligting by wyse van nuusbriewe |